# Die Ligdraer

## Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Welkom


**26 Maart 2023**

## Ons missie:

Die Gereformeerde Kerk Welkom verheerlik God as 'n biddende gemeente wat:

- dissipels is;
- dissipels maak;
- vashou aan die suiwer leer;
- ons gawes gebruik;
- lidmate toerus; en
- God se liefde en genade uitdra.

## VANOGGEND SE EREDIENS



**Erediens:**

**Votum**
**Groetseën**
**Lofprysing en aanbidding:** Psalm 107-2:1,2,3 en Lied 305:1,4
**Geloofsbelydenis:** Twaalf Artikels
**Sing:** Psalm 9-1:7,10
**Die Wet van die HERE**
**Gebed**
**Skriflesing:** Romeine 15:1-13
**Fokus:** Romeine 15:7
**Preek:**



**Tema:**
*Aanvaar mekaar as geloofsfamilie.*

**Gebed**
**Diens van barmhartigheid**
**Sing:** Skrifberyming 18-7:3,10
**Wegstuurseën**
**Amen:** Skrifberyming 13-3





**KOLLEKTES:**
Onder die erediens: Diens van barmhartigheid.
By die deure: Kerklike Tydskrifte.

**DIENSBEURT:**



Vandag: Wyk 11
2 April: Wyk 12
9 April: Wyk 1

**TEE/KOFFIE VOOR EN NA DIE EREDIENS:**



Daar is tee, koffie en koeldrank voor en na die erediens beskikbaar. Alles word by die teedrinkplek reggesit en dan kan lidmate hulleself help.

**FACEBOOK-BLAD:**
Ons het met behulp van mense wat op hierdie gebied spesialiseer 'n nuwe Facebook-blad vir ons gemeente geskep. Die skakel na ons Facebook-blad is: https://www.facebook.com/GKWelkom/
Ons versoek al die lidmate wat op Facebook is, om na ons gemeente se Facebook-blad te gaan kyk en die "hou van" of "volg" knoppie te druk. Help ons asseblief so om ons nuwe Facebook-blad te laat groei .

**EREDIENSTE MET PAASNAWEEK:**
Oor twee weke is dit Paasnaweek. Op Goeie Vrydag (7 April) het ons 'n gesamentlike erediens saam met GK Odendaalsrus. Dié erediens sal in ons kerkgebou plaasvind en begin om 09:00. Op Paassondag (9 April) het ons 'n erediens soos gewoonlik op 'n Sondag – om 09:00 in ons kerkgebou.

**KERKKANTOOR:**
Die kerkkantoor sal op Goeie Vrydag (7 April) gesluit wees. Dit sal wel eerskomende Vrydag (31 Maart) oop wees.

**DIE LIGDRAER:**
Daar sal die volgende twee Sondae (2 April en 9 April) nie 'n nuusbrief (Die Ligdraer) wees nie. Die volgende nuusbrief sal op Sondag 16 April verskyn.



# Ek Verjaar!





Die volgende lidmate verjaar tot 14 April 2023:

| | | |
|---|---|---|
| 28 Maart | Flip Kotze | 083 388 0249 |
| 1 April | Peter Lonergan | 079 884 3090 |
| 5 April | Dries Olivier | 073 952 0814 |
| 9 April | Rina-Maria Schepers | 079 186 1358 |
| 12 April | Drini van der Berg | 083 336 3012 |
| 13 April | Estie Coetzee | 083 644 4700 |

**BAIE GELUK** en seënwense vir die nuwe jaar.

**LIEF EN LEED:**

- Br. Casper du Plessis (057 353 1447 / 060 366 0166) se broer is Dinsdag oorlede. Ons innige simpatie en meelewing aan hom en sy familie.
- Br. Rudolph Erasmus (078 345 1372 vir oproepe en 076 651 8230 vir whatsapps) se ouma is Woensdag oorlede. Ons innige simpatie en meelewing aan hom en sy familie.
- Ons dink aan br. Wallie (083 635 3727) en sr. René van der Walt met René se siekte. Sy is steeds in Bloemfontein Medi-Clinic.
- Ons dink ook aan br. Kobus Spruew (082 447 8165) wie se herstelproses na die rugoperasie wat hy ontvang het, sover moeilik was. Ons bede is vir spoedige beterskap.
- Ons vra ook voorbidding vir bogenoemde lidmate asook vir ander lidmate wat ernstig siek is of in die hospitaal is, waarvan ons dalk nie weet nie.

# Die Bybel

**Die mens ken selfs nie die tyd van sy dood nie. Soos visse wat gevang word in 'n net, soos voëls wat gevang word in 'n wip, so word die mens gevang as die teëspoed kom, as dit hom skielik oorval.**

***~ Prediker 9:12 (33-53 vertaling) ~***

**VIR INBETALINGS IN ONS GEMEENTE SE REKENING:**



**WELKOM**
**ABSA BANK**
**TAK KODE: 630135**
**REK NO: 1340340090**
**TIPE REK: TJEKREKENING**

**ONTHOU OM JOU NAAM BY TE SIT INDIEN ELEKTRONIES OOR BETAAL**

**Kontaknommers en besonderhede:**

Predikant: Ds JL van der Schyff (057 352 5857/083 995 0380)
Skriba: Marthie van der Schyff (057 352 5857/072 336 4266)
Attes Skriba:
Koster: Flip Kotze (083 388 0249)
Kassier: Marthie Kotze (083 388 0251)
Orrelis: Hansie Jordaan (083 407 5796)
Admin beampte: Casper du Plessis (057 353 1447/060 366 0166)
Diakonie: Marthie van der Schyff (072 336 4266)
Kantoor: 057 352 5280 (Vrydag 08:00 - 13:00)

**Facebook:** https://www.facebook.com/GKWelkom/
**Epos:** gkwelkom@telkomsa.net

**DIAKONIE**
**EERSTE NASIONALE BANK**
**TAKKODE: 250655**
**REKENINGNOMMER: 62808348074**



# Net 'n Gedagte

**En dit het alles gebeur, sodat die woord vervul sou word wat die Here deur die profeet gespreek het: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar, en hulle sal Hom Emmánuel noem, dit is, as dit vertaal word: God met ons.**

***~ Matthéüs 1:22-23 (Ou vertaling) ~***

GEREFORMEERDE KERKE
IN SUID-AFRIKA